

Karoo Mighty Men Conference 2013

Hallo aan al die Kuberamma-lesers

Ek is gevra om terugvoering oor die April 2013 KMMC-naweek te gee. Daar is natuurlik baie om oor te getuig, maar hierdie skrywe is bedoel om 'n bietjie meer van die totale ondervinding en die program met jou te deel. Ek hoop ek slaag in die opdrag - vergewe maar die nederige poging. Ek sal myself nou nie as skrywer bemark nie, eerder by somme bly ☺.

Ek deel graag met julle ons ondervindinge - van die voorbereiding tot ons terug gekeer Sondagaand. Die afgelope paar maande het die opwinding opgebou; meer en meer mense het begin uitsien na 'n wonderlike Mighty Men-konferensie. Die verwagtinge was hoog; daar was 'n aanvoeling dat ons Vader ons gaan seën op 'n spesiale manier ... en het Hy nie ... sjoe! Julle, dit was *awesome*. Ek skat daar was min of meer dubbel die hoeveelheid manne hierdie jaar teenoor verlede jaar (wat terloops my eerste Mighty Men-ondervinding was, danksy broers wat my oortuig het). Ek verstaan daar was hierdie jaar 15 000 manne, hoofsaaklik van die Oos-Kaap en Vrystaat. Ek wou nooit gaan nie, soos julle weet, want is maar sku vir so baie mense bymekaar en ook as gevolg van die geriewe by die konferensie (of eerder die gebrek aan geriewe ☺). Danksy my swaer het ons darem solar-krag en 'n warm stort gehad wat dit vir my meer aanvaarbaar gemaak het. Dit was dus die begin van my en Juan se Mighty Men-ondervinding.

Die voorbereiding en organisering het in aller yl begin: so tussendeur werks- en ander verpligtinge is die



Foto 1: Ons slaan kamp op

spanne ingedeel en kosreëlings getref. Dit was rof om kop te hou, veral vir my wat erg is oor detail ☺, maar uiteindelik was ons almal ingedeel en die *lifts* uitgesorteer. Ons groepie het reeds Donderdagoggend vertrek. Ons sou dan sommer met ons vroeë aankoms, die laer afbaken vir 5 karavane en so 30 tente. (Ek skat op die ou einde was ons 3 karavane en so 20 tente, want van die ander manne (lees 'laat-kommers'!) het op ander plekke opgeslaan. Was dit nou 'n uitdaging; maar so word ons geseën met presies dieselfde plek as verlede jaar. Op **foto 1** slaan ons kamp op (heel eerste!) en merk ons laer uit. Dit het so twee ure geneem, want julle moet weet: ons kamp professioneel en voluit. Ons het tot 'n warmwater-stort gehad en die karavaanligte en tente is van sonkrag voorsien. Julle

sien, ons is nou nie so sommer van hier nie, soos oom Adoons altyd sou seg.



Foto 2: Die manne en Juan, met'n pienk bal (nogals!) op die tafel. Eish!

Die Donderdagaand, nadat ons so bietjie ge 'doom' (soos in lekkerruik-goedjies spuit) en mooi gemaak het, is ons op pad na Middelburg Hoërskool vir 'n Biltong-en -Kuier- aand saam met sommige van die ou Springbokke. Wat 'n *amazing* sessie. Natuurlik was dit ook fantasties om van die manne van Oos-London, wat saam met ons gekuier het toe Johnny Louw in Port Elizabeth was, te sien. Het julle al so 'n klomp mans sien babbel? En julle het gedink vroumense is erg ... Daar is nie oor rugby, werk en die skoner geslag gesels nie ... nee, daar is gesels oor ons Here Jesus Christus; met groot opwinding en oortuiging. Dit was lekkerrrr. Foto 2: Die manne en Juan, met'n pienk bal (nogals!) op die tafel. Eish! Op **foto 2** is die manne en Juan, nogals met 'n pienk bal op die tafel; eish!! Die opwinding by die seuns was *great* en die rugby -liefhebbers was soos

klein kindertjies. Juan wou natuurlik net 'n sokker bal hê - tot Pappa se "teleurstelling" ☺ - nee, darem nie regtig nie.

Ons kuier toe lekker saam met Johnny Louw - wat fasiliteer, Tappa Henning, Johan Kapp, Vleis Visagie, Ollie le Roux en Dawie Spies. Hulle deel hulle ervaringe met ons. Nadat ons almal buite om die vure gekuier het en kerrie en rys vir aandete bedien is, luister ons na hoe die manne oor uitdagings, goeie tye



Foto 3: Die OU Springbok-manne aan die gesels.

ensovoorts gesels. Toe skakel Johnny oor en vra die harde vrae; en elkeen getuig oor sy verhouding met Jesus, dat hulle vir Jesus staan gegewe groot beproewinge en uitdagings. Van ons manne huil dat die skouers ruk, veral toe Vleis vertel hoe hy per ongeluk sy 19 jarige dogter dood geskiet het ... sjoë, dit wat hulle as gesin deurgemaak het en hoe hy met vertroue, dwarsdeur al die pyn en swaarkry, steeds eer aan ons Vader gee. Ollie het weer ander uitdagings die hoof gebied. So was daar baie stories. Dit het my so diep geraak. So het die MMC-naweek sommer reeds op 'n dieper vlak begin en my stoutste verwagtinge reeds Donderdagaand al oorskry.



Foto 4: Die kruis op die berg.

Ons het seker so 23h30 gaan slaap, Juan ingesluit. Ek en Juan het so lekker geslaap dat ons Vrydagoggend bietjie laat geslaap het; waarom ek glad nie spyt was nie. Hannes en Kobus het vroeg oggend opgestaan en na die kruis gestap. Hulle sal dit beter kan beskryf - en moet sekerlik getuig oor die ervaring, maar ek moet net vertel hoe *amazing* ons Vader, die Pottebakker, dinge bymekaar laat kom. Toe hulle daar bo is, kom daar van die manne met hul voertuie aan en dra wyn en brood op na die kruis. Hulle bedien toe nagmaal so met die sonsopkoms oor die vlakte by die Kruis op die Koppie – foto 4. Kyk, my swaar raak nie maklik emosioneel nie, maar hy bely dat hy diep geraak was oor hoe ons Vader hom en Kobus daar op die koppie geseën het. Die

koppie met die kruis wat as bevestiging oor die kamp “waghout”, het ook gedien as ons herinnering dat Jesus die dood oorwin het, sodat ons kan lewe. Dat ABBA Vader ons eerste lief het en juis Sy liefde teenoor ons bevestig met Jesus se oorwinning en die Heilige Gees se uitstorting. Sjoë, verstaan ons dit werklik? Toe die twee manne terugkom en met ons begin deel oor hul ervaring, was ek gevul met dankbaarheid en ek moet bieg, so bietjie jaloers - wat 'n voorreg!

Later die Vrydagoggend het die ou Bokke by die hoërskool se veld 'n Rugby Akademie vir die jongmanne aangebied. Ons het gegaan, maar Juan het gou besluit dis nie vir hom nie: die rammetjies was bietjie groot, en ons is terug kamp toe. Die res van die Vrydag het die manne begin opdaag en ons het help kamp opslaan. Die weer was *amazing*, in so 'n mate dat Jesus ons met 'n week van somer-weer sommer in die begin van winter bederf het. Ons het baie koeldrank gedrink

Die Vrydagaand se praatjie deur Dawie Spies, was 'n *amazing* begin en het werklik gefokus tot die oproep dat



Foto 5: Praatjie in die koel aandluggie

ons prakties ons liefde vir Jesus moet begin uitlewe, juis die liefde waaroor ons getuig en nie net op oomblikke van geestelike selfverryking fokus nie. Dat ons onder die Helige Gees moet lewe, en dat dit tyd is om 'n lyn in die sand te trek. Hy het manne opgeroep tot aksie en 'n praktiese liefdeslewe vir Jesus. Die aande was maar bietjie koud, ek moet bieg, maar niks in verhouding tot verlede jaar nie en blykbaar 6 grade die jaar tevore. Jy kan die amper nie glo dat daar binne 'n kwessie van 'n dag 'n hele dorpie in die veld op 'n boer se plaas kan ontstaan nie. Alle eer moet aan ons Vader gaan, maar ook aan die KMMC organisasie-span onder leiding van Jannie Moolman. Uitstekende werk en organisasie en dit alles in gehoorsaamheid aan en vertroue in ons Vader. Dankie aan almal. Sjoë, dit is baie werk en ons wil hê hulle moet weet, ons sien

dit raak.

Saterdagoggend het Africa Mhlope gepraat. Wow, wat 'n inspirerende praatjie en man in diens van Ons Vader! Africa het my in trane gehad. Sy praatjie was so gefokus op die feit dat Jesus die hoop en redding van ons land is en dat hy glo dat daar hoop is, want sy hoop is in Jesus gefondeer, nie politici nie. Africa het ons uitgedaag, in 'n groter mate as wat hy miskien self besef, maar ons harte was aangeraak. Julle kan verseker meer lees oor Afrika en gratis aansluit by www.gatewaynews.com. Wat vir my nog meer *awesome* was, is dat Afrika se praatjie, sonder dat dit vooraf so gereël is, afgesluit is met Joe Niemand se nuwe liedjie, “Genoeg is genoeg” en die liedjies wat Louis Britz ons laat sing het, wow

Saterdagmiddag het Dewald Gous die *worship* sessie gelei. Die manne het ook die geleentheid gehad om van die potjiekos, wat genoeg was om 'n paar duisend manne te voed, te eet. Die ongelooflike hiervan is dat die inhoud van die pot alles skenkings was!! Ons het natuurlik nie daarvan geëet nie. Hoekom sou mens terwyl jy jou eie Master Chef - wat ons soos konings laat eet het - het!! Sjoë, dit was lekkerrrr ... Daar was genoeg tyd vir kuier en *fellowship*. Ek reken dat daar in ons laer seker so 100 mans van ons gemeente was. In die geheel

was daar seker altesaam so 200 manne uit ons direkte area as jy die Engelse Vrydagoggend-groep manne by tel. Dit was awesome!! Ons het van tent tot tent gekuier, gesels en getuig! Geoffrey, my tuinier en Virgil was ook saam na KMMC en al wat ek hieroor wil sê is: Geoffrey het sy hart vir Jesus gegee!!! Halleluja!!!

Saterdagagaand kom Johnny Louw aan die woord en ek dog toe, wat kan hy nou nog teenoor ons getuig wat ons nog nie gehoor het nie? Het ons broer in Christus (deur Jacques Malan en span) ons nie verras nie? Sjoë, wat 'n kragtige boodskap!! Ons word uitgedaag oor of ons 'n plan het en hoe ons die Here sal eer, tot seën wees en



Foto 6: Swaard in die wolke, dis tyd

sal dien. Dat ons versterk moet bly en duidelik die wapenrusting moet opneem en ons in ons liefdevolle Vader se liefde moet leef en toelaat dat, deur die werking van die Heilige Gees, Sy liefde sal oorfloei na ons naaste. Deur die loop van die naweek verskyn hierdie wolkie **foto 6** in die lug. Is daar iemand wat dit miskien wil verduidelik? Ek kan nie mooi onthou wanneer die foto geneem is nie – ek dink dit was al die Vrydag, maar hoe bevestigend was dit nie met betrekking tot die naweek se onderwerpe. Ek kan maar net sê, ons was so geseënd oor die naweek, ook deur die mense wat saam ons daar was. Die *fellowship* wat ons ervaar, die bekerings en die werke van ons Hemelse Vader.

Elke man is uitgedaag om 'n duidelike plan te hê, en om ook leiding te neem in SY huis. Ek wil elke man uitdaag om hierdie stappe toe te pas in jou huisgesin, en elke vrou om haar man te eer, en te *submit* as bruid teenoor haar bruidegom. Dit is tog hoe Jesus as Bruidegom na ons as kerk, Sy bruid, kyk. Met soveel ontsaglike liefde en deernis, juis omdat Hy ons eerste lief het en vir ons bevryding en oorwinning bring.

Figure 1 : My Plan as Man (Mag nie verkoop word nie)



Foto 7: Die chef en sy student LOL!

Sondagoggend was ons vroeg op, want ons wou kamp opslaan voor die diens. Die Here het ons weer geseën deurdat, gegewe die koue Karoo-aande, die tent droog was sodat ons sommer vroeg kon opslaan. Johan het ons weer gedien met 'n *awesome* ontbyt. Die hele laer het basies in daardie tyd opgeslaan. Johan se pos as

Master Chef het effe in gedrang gekom toe ons beseft dat Francois van Jaarsveld ook 'n danige Master Chef is. Nadat ons opgeslaan het, het ek die bakkie en karavaan sommer by die uitgang gaan parkeer sodat ons maklik kon wegkom na afloop van die verrigtinge. Ons het betyds klaar gekry en was slag gereed vir die diens.



Foto 8: die huishulp!!

Die manne het mooi saamgewerk en raakgevat, so daar was lekker geëet, goed *fellowship* en die Woord en getuigenisse was eenvoudig net tot eer van ons Hemelse Vader. Van tyd tot tyd het die potjie-geure so deur die kamp getrek, dat mens nie anders kan as om in dankbaarheid en verwondering te staan oor hoe lief God ons het en die genade wat ons so mildelik ontvang nie.



Foto 9: Sondag, ook maar hartseer dat die naweek verby is

Oom Angus praat toe oor dat ons in die Waarheid moet lewe, dat ons nie vir die leuens van die duiwel moet val nie, dat ons standvastig moet bly. Hy getuig oor hoe lewend en werklik ons Here is, en wys vir ons 'n *video clip* van sy praatjie verlede jaar September by Ein Gedi in Jerusalem ... wow .. wow! Ek kan maar net beaam, dat as ons in die Woord bly en die Woord in ons, dan seën die Heilige Gees ons met Sy sienbare teenwoordigheid. Wat 'n genadige, *awesome* God dien ons. Die

geestelike realm is meer werklik as ons fisiese realm. Ek bid dat ons oë sal oopgaan en dat ons in die verlossing en liefde van ons Here Jesus Christus sal leef. Gaan kyk gerus sy praatjie op YouTube <http://m.youtube/watch?v=8odtiC8DUtE>. Wat 'n afsluiting.

Ek kan net getuig - genoeg is genoeg!! Is dit nie tyd dat ons verby ons menslike verskonings moet kom nie? Is dit nie tyd dat ons ons verstand en menslike perspektiewe en paradigmas, wat so eie is aan die sondige natuur van hierdie wêreld, uit die pad moet kry sodat die Heilige Gees ons harte kan vernuwe nie? Verstaan ons werklik ons Vader se liefde vir ons? Hoe lank gaan ons nog verskonings maak? Vir my en my gesin: ons sal die Here dien. [Josua 24 vers 15]. Die hele naweek is ons uitgedaag om mekaar as manne hiervoor verantwoordelik te hou; ek glo ons sal dit doen.

Ek hoop dat – indien dit ons Vader se wil is – al die manne van ons gemeente volgende jaar die KMMC sal bywoon.

Alle eer aan ons Hemelse Vader en dank aan die KMMC bestuur vir hul gehoorsaamheid, voorbeeld, geloof en vertroue in ons Here Jesus Christus. Ek glo dat Middelburg ons Vader se seën ontvang as gevolg van jul gehoorsaamheid.

Liefde in Jesus.

Jacques Whittle